

Each time he said, "My grace is all you need. My power works best in weakness."

So now I am glad to boast about my weaknesses, so that the power of Christ can work through me.

2 Corinthians 12:9

Dear Lord, Thank you for being my strength when I am weak. I can do all things through you who give me strength.



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
Saam met Jesus...

April 2019

"Hulle het oë om te sien, maar hulle sien nie. Hulle het ore om te hoor maar hulle hoor nie..."



Lees: Esegël 12: 1-7

Vers 2 : " Hulle het oë om te sien, maar hulle sien nie. Hulle het ore om te hoor maar hulle hoor nie"

Liewe Lidmaat

Die grootste fout wat ons kan maak is om nie heilige erns met God se genade in ons lewe te maak nie.

Die kerk en ook gemeentes dra hom letterlik dood aan **mense wat lidmate is en wat sê hulle glo en dan nie meelewend is nie.**

Verskonings soos "ons kan nie so lank stil sit in die Nagmaal nie, daarom kom ons nie Nagmaal toe nie" en "ek kry niks in die erediens nie", verraai dalk dat ons in dieselfde groef as die volk Israel geval het waarvan ons in die gedeelte lees. **Weerbarstig en onverskillig teenoor die heilige en genadige God.**

Hoeveel genade en liefde en geduld het God nie met Israel gehad nie? En tog, elke keer staan hulle onverskillig teenoor God; hulle ongehoorsaamheid en ontrouheid soos 'n seer oog uit.

Soos 'n stout kind wat nooit sy sin kry nie is Israel en ook ons. En daarom stuur God sy profeet met 'n boodskap van oordeel en straf. Want God laat nie op 'n goedkoop manier met sy

Ons Visie: *Deur Christus-liefde gee ons vir almal om*

liefde omgaan nie. Ballingskap in 'n vreemde land is hulle voorland met skrikwekkende gevolge. Die volk moes met hulle eie oë sien wat met hulle gaan gebeur want hulle wou dit nie glo nie. Daarom breek Esegjël 'n gat in die muur en dra sy goed op sy skouers.

Sondag na Sondag hoor ons die gepredikte Woord maar niks of baie min in ons lewens verander. Ons sien gedurig by die doop en Nagmaal die **goedheid van God** en ervaar wat dit uitbeeld **maar steeds bly ons siende blind en horende doof.**

**Broer, suster, die grootste fout wat ons kan maak is om nie erns te maak met God se genade in ons lewe nie!
Mag dit so wees dat ons nie deel is van 'n groep lidmate wat siende blind en horende doof is nie!**

(Die oorspronklike dokument op <http://www.steedshervormers.co.za/dagstukkies/hulle-het-oe-om-te-sien-maar-hulle-sien-nie-hulle-het-ore-om-te-hoor-maar-hulle-hoor-nie/> is effens aangepas)

Ds Leon Tai T



Sy het ook by die organisasie PEN in die middestad van Pretoria gewerk vanaf 2015 tot 2016, waar sy die jeug bedien het.

In haar CV skryf sy: *“Ek het 'n ongelooflike passie vir die jeug, en alhoewel dit vandag soms uitdagend is om die jeug betrokke te hou, is dit steeds moontlik en noodsaaklik. Die kerk moet 'n standvastige plek wees vir die jeug, maar ook 'n veilige en gemaklike omgewing waar hulle in hul spiritualiteit kan groei en ontwikkel. Deur jeugbediening moet verhoudings gebou word, nie net tussen die jeug en die kerk nie, maar hoofsaaklik tussen die jeug en God. Die kerk moet 'n plek wees waar die jeug hul vrae kan kom vra en waar ons saam na die antwoorde kan soek. Vir die jeug wil ek 'n tuiste bring, 'n plek waar hulle net hulleself kan wees en God se liefde kan ervaar”.*

Sy skryf ook: *“My passie lê daarin om mense te help om God se plan vir hul lewe te begryp. 'n Lewe sonder God, is eenvoudig nie moontlik nie. Die lewe is so vol uitdagings en moeilike situasies, maar slegs wanneer jy 'n intieme verhouding met God het, word hierdie struikelblokke makliker hanteerbaar. Ons verstaan nie altyd God se plan nie, maar tog moet ons rustigheid en vrede hê dat Hy in beheer is, en Hom in totaliteit vertrou. Hoe nader ek aan God leef, hoe ligter word my las en hoe sterker word my geloof”.*

ONS BID DS LANDI ALLE SEËN TOE op haar bediening in Rietfontein-Suid





WELKOM AAN DS LANDI BOTHA; kom ons leer haar beter ken:



Einde verlede jaar het Albert Jordaan, wat ons gemeente se jeug hanteer het, ons gegroet. Ons wens hom en sy verloofde sukses toe met hul nuwe besigheid wat hulle saam in Januarie vanjaar begin het.

Vanaf 1 Januarie behartig Ds Landi Botha ons jeug en hul aktiwiteite. Sy is getroud met Johan en hulle het 'n 2-jarige dogtertjie (Juvandi). Tans is hulle woonagtig te Montana.

Landi is reeds as predikant bevestig, en hanteer steeds 'n 50% jeugleraarspos by NG Mootvallei, al is sy ook hier by ons.


Dit maak dat sy nie elke Sondagaand hier kan wees en die erediens en jeugroepe kan hanteer nie, maar Ds LeonTaiT sal by so 1 aanddiens per maand instaan.

Landi is al vanaf 2003 by verskeie jeugkampe betrokke (Skoolverwisselingskampe, die Rabedoekamp vir minderbevoorregte meisies, die Eko-kamp vir graad 4-7's, Belydeniskampe). Vanaf 2015 tot 2016 het sy 'n kontrakposisie by die Ooskerk behartig, waar sy verantwoordelik was vir die bestuur en koördinerings van die Ooshuis Bejaarde Sorg.

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **2 April:** Skole Open
- ♦ **6 April:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **7 April:** Belydenisaflegging om 9:00
- ♦ **19 April:** Goeie Vrydag, Nagmaaldiens om 9:00
- ♦ **22 April:** Gesinsdag
- ♦ **1 Mei:** Werkersdag
- ♦ **5 Mei:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **12 Mei:** Doop en kinderdien
- ♦ **30 Mei:** Hemelvaartdag

Sien jou daar!



Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasies om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klasgeld. Dis deeltydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie waardeer word. Merk koevert of EFT betaling as "Jeugwerkkursus" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon TaiT.

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Dit is die bediening wat die **omgeegroepes** ondersteun en organiseer. Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre “voertuig” van bediening en versorging!



☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.

AGDY CARE SENTRAL
MARK
ELKE EERSTE SATERDAG VAN DIE MAAND
H/V 16DE & BEN SWART
9 TOT 13:00
Stalletjies & Karwas
NAVRAE: 076 137 5643

Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê. Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien. Veral aanvulling van pensioene.

Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!

LEARN

As we age, we're unpleasantly surprised about how little we know of life. There is still so much to learn. For women, it's sometimes difficult to settle the gray spaces of life when we're surrounded by a world of women who look like they rock at everything. Like you, they are knee deep in piles of laundry, struggling with insecurities and trying to pursue their passions while serving their families and jobs well. It's hard to admit when we might not be awesome at something, but at the same time admit we aren't complete losers. We are learners. As an adult, our pride tries to entertain us assuming we're know-it-alls. It's a lie. We're students for life.

Rather than swinging the pendulum from left to right, feeling on top of the world or feeling like you stink at life, I propose another way. I propose we accept that we're learning—journeying through our days, our jobs, our passions, our love lives, and motherhood with the Holy Spirit as our helper.

It's easy to beat ourselves up when the diet doesn't work out, when the business feels like a blunder, when anxiety or stress looms, or we can't keep up with the needs of our families. Instead, let's accept our season while fighting for the dreams that beat in our heart. It's contentment at its best.

The truth is you won't be swindled out of your own life. Your life is beautiful, precious, hard, and messy. It will afford you countless lessons that lead you to live in Christ. Your soul wins when you learn from your own life.

We're transformed and renewed by the way we think. Let's meditate on the ways and virtues of Jesus so they may be manifest in our lives. The wisdom we need to flourish in this season is hidden in Jesus.

When you can't handle the curve balls of life, remember he is for you, he will lead you, and he loves you. May you learn to walk in his ways.

"n Mens met insig doen kennis op; wyse mense hou hulle ore oop vir kennis."
SPREUKE 18:15

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

ROMEINE 12:2